Servitudes.—The holding is subject and entitled to certain servitudes in connection with water, dam, waterfurrow, fencing, grazing and woodcutting, as more fully described in Deed of Transfer No. 5285/1918. Copies of the servitude are obtainable, on request, from the Secretary for Lands, Pretoria.

NOTE.—The lease will be subject to certain conditions governing any portion of the land held in undivided shares.

Holding No. 10.—Situate about 30 miles north of Bronkhorstspruit Township and Railway Station. (Previous Lessees: H. J. Nel (Snr. and Jnr.) and W. A. Nel.

Reported to be suitable for mealies, kaffircorn, monkeynuts, wheat, large and small stock. There is a certain amount of "blaargif" on the holding and applicants should satisfy themselves as to the extent thereof. The drylands on the holding are subject to "rooiblom" and are also in need of fertiliser.

The following improvements are reported to be on the holding: Dwelling-house and storeroom, kraal, boundary and internal fencing, orchard and dam (broken).

Servitudes.—Subject to an Order of the Water Court dated 22nd November, 1928. Copies of the Order may be obtained, on application, from the Secretary for Lands, Pretoria.

Holding No. 11.—Situate about 15 miles south-west of Brits Township and about 100 yards from Die Moot Railway Siding. The Magaliesberg-Hercules railway line traverses the holding. (Previous Lessee: A. F. Wolmarans.)

Reported to be healthy and suitable for tobacco and all summer crops; also for vegetables, poultry and dairy farming.

The following improvements are reported to be on the holding: Dwelling-house (6 rooms), fruit and other trees, boundary and internal fencing.

Water supply from a communal spring and water furrow.

Servitudes.—Subject and entitled to certain servitudes in connection with water, waterfurrows, dams, rights of way and use of cemeteries as more fully described in Deed of Transfer No. 11761/1928. Copies of the servitudes are obtainable, on request, from the Secretary for Lands, Pretoria.

Special Condition.—The lease to be issued in respect of the land will contain the following condition:—

> It is a condition of this lease and of any Crown Grant to be issued in respect of the holding, that the Governor-General may at any time expropriate without payment of any compensation any portion of the land hereby leased which was on the date of this lease occupied or used by the Railway Administration in its functions and undertakings.

Holdings Nos. 12 *and* 13.—Situate about 70 miles East of Tzaneen Township and about 28 miles east of Gravelotte Railway Station. (Previous Lessee: H. J. Erasmus.)

Reported to be suitable exclusively for stock. The holdings are situate in a Malaria area. Holding No. 12 abuts on the Selati River.

The following improvements are reported to be on Holding No. 12: Dwelling-house (brick, iron roof), dairy and a cattle dipping tank.

No improvements are reported to be on Holding No. 13.

Applications for Holding No. 14 must be forwarded to the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 747, Capetown.

Holding No. 14.—Situate about 42 miles South of Brandvlei and 4 miles from Sak River Station. (Previous Lessees: D. J. Sanderson and J. P. P. Spangenberg, Snr.)

Reported to be suitable for wheat, oats, barley, Merino and Africander sheep and goats.

The following improvements are reported to be on the holding: 2 Dwelling-houses; wagon-house, storeroom for chaf and 2 stables; 2 boreholes with windmills; ladder-dredge; 3 gardens with fruit trees and vines; 1 cement dam; dam and furrow of 1,500 yards; sluice 5 by 6 feet; 3 kraals; 12 morgen cultivated lands; 7 "saaiwalle", some internal fencing.

NOTE.—On several of the holdings hereby advertised there are temporary lessees, or caretakers, and they will be allowed all facilities for the tending and reaping of any crops that may be on these holdings at the date of allotment.

Hoewe No. 9.—Ongeveer 10 myl noord van dorp en spoorwegstasie Koster geleë. (Vorige huurder: D. J. A. Booyens.)

Volgens rapporte is die hoewe gesond en geskik vir groot- en kleinvee, koring, tabak en mielies.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewe is: Woonhuis, tabakskuur, skuur, stal, rondawel, tabakkelder, put, vrugtebome, masjien, pype, tenk en 'n bietjie omheining.

Watervoorsiening.—Van die Kosterrivier. Die watervoorraad is egter nie standhoudend nie. 12 Morge grond kan besproei word as water beskikbaar is.

Serwitute.—Die hoewe is onderworpe aan en geregtig tot sekere serwitute in verband met water, dam, watervoor, omheining, weiding en houtkap, soos vollediger in Transportakte No. 5285/1918 omskrywe is. Afskrifte van die serwitute kan op aanvraag van die Sekretaris van Lande, Pretoria, verkry word.

OPMERKING.—Die huurkontrak sal aan sekere voorwaardes aangaande enige gedeelte van die grond wat in onverdeelde aandele gehou word, onderworpe wees.

Hoewe No. 10.—Ongeveer 30 myl noord van dorp en spoorwegstasie Bronkhorstspruit geleë. [Vorige huurders: H. J. Nel (Snr. en Jnr.) en W. A. Nel.]

Volgens rapporte is die hoewe geskik vir mielies, kafferkoring, grondboontjies, koring, groot- en kleinvee. Daar is 'n sekere mate van blaargif op die hoewe en applikante moet hulself oortuig aangaande die omvang daarvan. Die droëlande op die hoewe is onderworpe aan rooiblom en het ook bemesting nodig.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewe is: Woonhuis en pakkamer, kraal, grens- en binneomheining, vrugteboord en dam (gebreek).

Serwitute.—Onderworpe aan 'n beslissing van die Waterhof, gedateer 22 November 1928. Afskrifte van die beslissing kan op aansoek van die Sekretaris van Lande, Pretoria, verkry word.

Hoewe No. 11.—Ongeveer 15 myl suidwes van dorp Brits en ongeveer 100 tree van spoorweghalte Die Moot geleë. Die Magaliesberg-Hercules-spoorweg gaan oor die hoewe. (Vorige huurder: A. F. Wolmarans.)

Volgens rapporte is die hoewe gesond en geskik vir tabak en alle soorte somergewasse; asook vir groente, pluimvee en melkboerdery.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op die hoewe is: Woonhuis (6 vertrekke), vrugte- en ander bome, grens- en binne-omheining.

Watervoorsiening.—Van 'n gesamentlike fontein en watervoor.

Serwitute.—Onderworpe aan en geregtig tot sekere serwitute in verband met water, watervore, damme, regte van deurgang en die gebruik van kerkhowe, soos vollediger in Transportakte No. 11761/1928 omskrywe is. Afskrifte van die serwitute kan op aanvraag van die Sekretaris van Lande, Pretoria, verkry word.

Spesiale Voorwaarde.—Die huurkontrak wat ten aansien van die grond uitgereik sal word sal die volgende voorwaarde bevat:—

> Dit is 'n voorwaarde van hierdie huurkontrak en van 'n Kroongrondbrief wat ten aansien van die hoewe uitgereik mag word, dat die Goewerneur-generaal te eniger tyd enige gedeelte van die hierby verhuurde grond wat op die datum van aanvang van hierdie huurkontrak deur die Spoorwegadministrasie vir sy werksaamhede en ondernemings geokkupeer of in gebruik was, sonder betaling van vergoeding mag onteien.

Hoewes Nos. 12 *en* 13.—Ongeveer 70 myl oos van dorp Tzaneen en ongeveer 28 myl oos van spoorwegstasie Gravelotte geleë. (Vorige huurder: H. J. Erasmus.)

Volgens rapporte is die hoewes uitsluitlik geskik vir vee. Die hoewes is in 'n Malaria-gebied geleë. Hoewe No. 12 grens aan die Selatirivier.

Dit word gerapporteer dat die volgende verbeterings op Hoewe No. 12 is: Woonhuis (steen, sinkdak), melkkamer en 'n beesdipbak.

Dit word gerapporteer dat daar geen verbeterings op Hoewe No. 13 is nie.

Aansoeke om hoewe No. 14 moet aan die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 747, Kaapstad, gerig word.

Hoewe No. 14.—Geleë ongeveer 42 myl suid van Brandvlei en 4 myl van Sakrivierstasie.

Dit word gerapporteer dat dit geskik is vir koring, hawer, gars, merino- en Afrikanerskape en bokke. [Vorige huurders: D. J. Sanderson en J. P. P. Spangenberg (Snr.).]

Volgens rapporte is die volgende verbeterings op die hoewe: 2 woonhuise, waenhuis, kafkamer en 2 stalle, 2 boorgate met windpompe, 1 bakkiespomp, 3 tuine met vrugtebome en wingerdstokke, 1 sementdam, 1 gatdam en voor van 1,500 tree, sluis 5 voet by 6 voet, 3 krale, 12 morge bewerkte saailande, 7 saaiwalle, enige binne-omheinings.

OPMERKING.—Op verskillende hoewes hierby geadverteer, is tydelike huurders of opsigters, en hulle moet toegelaat word om die gesaaides, wat op datum van toekenning op daardie hoewes is, te versorg en te oes.

SPECIAL CONDITIONS.

Holding No. 14.

The following special conditions will be inserted in the leases which it is proposed to issue and in the Crown Grants to be issued later:—

(*a*) Giving the Government the right to resume the whole or a portion of any holding required for public purposes or outspan purposes on payment of compensation therefor;

(*b*) stipulating that roads and thoroughfares, whether they are described on the diagram or not, existing on the lands shall remain free and uninterrupted, and requiring the lessee of any holding to grant to any adjacent or neighbouring proprietor a way or road of necessity to or from the land of such adjacent or neighbouring proprietor;

(*c*) governing the exploitation of minerals.

(*d*) reserving to the public travelling over the land the right to pass over and graze their live stock on each side of such road or roads running over the land as shown on the diagram(s) as may, with the approval of the Administrator, be selected by the Divisional Council for the purposes of trekpaths, such trekpaths not to exceed a width of 200 yards on each side of such road or roads, provided that where no roads or, in the opinion of the Administrator, insufficient roads are indicated on the diagram(s), the public travelling over the land shall have the right to pass over and graze their live stock along such routes or courses as may, with the approval of the Administrator, be selected by the Divisional Council for the purposes of trekpaths, such routes or courses, however, not to exceed the width of 400 yards.

GENERAL CONDITIONS.

The leases to be issued will contain conditions relative to residence, improvements, fencing, minerals, outspans, roads, and such other conditions as are usually inserted in the agricultural leases granted under the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended.

The rentals, which are payable yearly in advance, are calculated on the purchase price on the following percentage basis:—

Rentals:

Holdings Nos. 1 *to* 11 *and* 14.

First and second years: Nil.
Third year: 2 per cent. per annum.
Fourth and fifth years: 3½ per cent. per annum.
In the event of extension of lease after five years: 3½ per cent. per annum.

Holdings Nos. 12 *and* 13.

First and second years: Nil.
Third, fourth and fifth years: 1 per cent. per annum.
In the event of extension of lease after five years: 1 per cent. per annum.

In the event of the option of conditional purchase being exercised, the purchase price becomes payable in 65 equal yearly instalments, which include capital and interest, the latter being calculated at the rate of 3½ per cent. in the case of Holdings Nos. 1 to 11 and 14 and 1 per cent. in the case of Holdings Nos. 12 and 13.

Occupation—

The leases to be issued will contain conditions to the effect that the lessees shall personally and beneficially occupy the holdings allotted within a certain period from the date of allotment, and thereafter for a particular period during every calendar year as follows:—

Holdings Nos. 1 to 7, 9 and 11 to be occupied within three months and for at least eleven months in every calendar year.

Holdings Nos. 8 and 10 within one month and for at least eleven months in every calendar year.

Holdings Nos. 12, 13 and 14 within three months and for at least nine months in every calender year.

Boreholes—

A clause will be inserted in the leases which it is proposed to issue in respect of those holdings on which boreholes have been or may be sunk, giving the Government access to and the right to take water from the boreholes for drilling purposes for a period of five years from the dates of the leases.

It will be a condition of lease that the successful applicant for any of the above holdings on which boreholes exist or may be sunk previous to or after allotment will be held responsible as from the date of allotment or of completion of the work, for the proper care and maintenance of the borehole or boreholes on his holding, and shall be liable for any damage caused thereto. He must, therefore, on no account raise water without proper pumping machinery.

SPESIALE VOORWAARDES.

Hoewe No. 14.

Onderstaande spesiale voorwaardes sal in die voorgestelde huurkontrakte en die daaropvolgende Kroongrondbriewe opgeneem word, nl. waarby—

(*a*) aan die Goewerment die reg verleen word om teen betaling van skadevergoeding die hoewe of enige gedeelte daarvan vir publieke doeleindes of vir 'n uitspanning terug te neem;

(*b*) bepaal word dat bestaande paaie en deurgange vry en onbelemmerd moet bly, of hulle op die kaart aangetoon word of nie, en die huurder van die hoewe verplig word om aan enige aangrensende of naburige eienaar 'n noodweg of -pad te geen na of van die grond van sodanige aangrensende of naburige eienaar;

(*c*) die ontginning van minerale gereël sal word;

(*d*) ten bate van die reisende publiek, die reg voorbehou word om oor die hoewe te gaan en om hulle vee te laat wei aan weerskante van sodanig pad of paaie oor die grond soos aangedui op die kaart(e) as wat met goedkeuring van die Administrateur, deur die Afdelingsraad aangewys mag word vir die doel van trekpaaie; sodanige trekpaaie is nie breër as 200 jaarts aan weerskante van sodanige weg of weë nie, mits egter, dat waar geen weë of, volgens die mening van die Administrateur, onvoldoende weë op die kaart(e) aangedui word, die reisende publiek die reg het om oor die grond te gaan en hulle vee te laat wei langs sodanige roetes of bane as wat met goedkeuring van die Administrateur deur die Afdelingsraad aangedui mag word vir die doel van trekpaaie; sodanige roetes of bane is egter nie breër as 400 jaarts nie.

ALGEMENE VOORWAARDES.

Die huurkontrakte wat uitgereik sal word, bevat voorwaardes in verband met okkupasie, verbeterings, omheinings, minerale, uitspannings, paaie en sulke ander voorwaardes as wat gewoonlik gestel word in landbouhuurkontrakte, uitgereik kragtens die „ Kroongrond Nederzettings Wet, No. 12 van 1912 ", en Wysigingswette.

Die huur, wat jaarliks vooruitbetaal moet word, word bereken op die koopprys volgens onderstaande persentasiebasis:—

Huur:

Hoewes Nos. 1 *tot* 11 *en* 14.

Eerste en tweede jaar: Niks.
Derde jaar: 2 Persent per jaar.
Vierde en vyfde jaar: 3½ Persent per jaar.
Ingeval van verlenging van huurkontrak na vyf jaar: 3½ Persent per jaar.

Hoewes Nos. 12 *en* 13.

Eerste en tweede jaar: Niks.
Derde, vierdie en vyfde jaar: 1 Persent per jaar.
Ingeval van verlenging van huurkontrak na vyf jaar: 1 Persent per jaar.

Ingeval die opsie van voorwaardelike aankoop uitgeoefen word, is die koopprys betaalbaar in 65 gelyke jaarlikse paaiemente wat kapital en rente insluit. Laasgenoemde word bereken teen 'n rentekoers van 3½ persent in die geval van hoewes Nos. 1 tot 11 en 14 en 1 persent in die geval van hoewes Nos. 12 en 13.

Inbesitneming.

Die huurkontrakte wat uitgereik moet word, sal die bepalings bevat dat die huurders die hoewes wat aan hulle toegeken word, persoonlik en op nuttige wyse moet bewoon binne 'n sekere termyn vanaf datum van toekenning en daarna vir 'n bepaalde termyn elke jaar, soos hieronder aangegee:—

Hoewes Nos. 1 tot 7, 9 en 11 moet binne drie maande in besit geneem word, en vir minstens elf maande in elke kalenderjaar bewoon word.

Hoewes Nos. 8 en 10 binne een maand en vir minstens elf maande in elke kalenderjaar.

Hoewes Nos. 12, 13 en 14 binne drie maande en vir minstens nege maande in elke kalenderjaar.

Boorgate.

Die huurkontrakte wat aangegaan moet word ten aansien van die hoewes waarop boorgate reeds gemaak is of later gemaak mag word, sal 'n klousule bevat wat die Goewerment die reg van toegang verleen tot, en die reg om water te neem uit die boorgate vir boordoeleindes, gedurende 'n termyn van vyf jaar vanaf datum van die huurkontrakte.

'n Voorwaarde van die huurkontrak sal wees dat die suksesvolle applikant vir enige van bogenoemde hoewes waarop boorgate bestaan of voor of na toekenning gemaak mag word, met ingang van die datum van toekenning of van voltooiing van die werk, verantwoordelik gehou sal word vir die behoorlike versorging en instandhouding van die boorgat of boorgate op sy hoewe en aanspreeklik sal wees vir enige skade daaraan. Hy moet derhalwe onder geen omstandighede sonder behoorlike pompmasjinerie water daaruit trek nie.

All boreholes are, as a rule, equipped with hand-pumps, but it may possibly occur that in isolated cases no pump has been erected, in which case enquiries as to the most suitable machinery to be utilized in connection with any borehole should be made to the Director of Irrigation, Pretoria, by the successful applicant before proceeding to erect pumping machinery.

The pumping test made by the Irrigation Department in connection with the boreholes mentioned was as reliable as possible, but the Government accepts no responsibility for any loss or damage that may be sustained by a lessee should on a new or extended pumping test taking place the water supply in the borehole be found to be less than that stated in this notice, or in the event of the other particulars given in respect of the borehole being found to be inaccurate.

Surveys—

Should it at any time be found necessary to resurvey a holding, or take out a certificate of amended title, owing to errors in the existing survey, all costs incidental to such survey or certificate of amended title must be borne by the lessee. Should it be found that the holding is of greater extent than that stated in this notice the lessee shall benefit thereby, without any increase of purchase price being made; on the other hand, should the area be found to be less than that stated in this notice, the lessee shall accept such lesser area without reduction of the purchase price, and no claim against the Government will exist in respect of any reduced area.

Sub-divisions—

In the event of any of the holdings being allotted to two or more lessees it shall be a special condition of the lease that the Minister may at his discretion call upon the lessees to have the holding sub-divided at their own expense in a manner agreed upon by the lessees and approved by the Minister, or, failing such agreement within a period of not more than three months, in a manner to be determined by the Minister. Such agreement amongst the lessees or determination by the Minister shall state—

(1) the share to be borne by each lessee in respect of the costs of sub-division, inclusive of the costs of survey;

(2) where any advance has been made, the amount whereof has not been added to the purchase price, the share to be received by each lessee in respect of any stock, implements, or other things and the amount of the liability to be assumed by each lessee in respect of the share received by him;

(3) the purchase price of each sub-division, due regard being had to any improvements effected by the Minister or by means of an advance made by the Minister, and the share of the capital amount of such instalments as may have been paid.

The lessees shall undertake, within three months after such agreement has been reached or determination has been made by the Minister, to take at their own expense such steps as may be necessary to effect proper and legal cession of the interests in the lease in accordance with the aforesaid agreement or determination by the Minister.

GENERAL REMARKS.

Issue of Crown Grants—

Crown grants of holdings may, in special cases, with the approval of the Governor-General, be issued before the expiry of a period of ten (10) years from the date of allotment. When a lessee, after five (5) years' tenancy can satisfy the Land Board that the value of his holding with permanent and substantial improvements exceeds by one-fourth the total indebtedness of the lessee to the Government, section *eight* of Act No. 21 of 1922 enables the Minister to issue a Crown grant and accept a mortgage bond for the total amount of the then remaining indebtedness.

The holdings hereby advertised are subject to the provisions of section *nine* of Act No. 45 of 1937, which reads as follows:—

"No alienation, hypothecation, encumbrance by means of a servitude (other than a servitude of *ususfructus*, *usus* or *habitatio*) or division of any land which is a holding or portion of a holding shall be effected after the commencement of this Act without the consent in writing of the Minister, granted upon the recommendation of the Land Board, on such conditions as the Minister may think fit to impose . . ."

Fencing—

In the event of the Government being required, in terms of the Fencing Act, No. 17 of 1912, or any amendments thereof, to contribute towards the cost of fencing the boundaries, or any part thereof, of any of the holdings advertised in this notice, or to accept liability for the payment of such contribution prior to the registration of the lease, the successful

Alle boorgate is in die reël met handpompe toegerus, maar dit is moontlik dat daar in sommige gevalle geen pomp opgerig is nie. In sulke gevalle behoort die suksesvolle applikant, alvorens pompmasjinerie op te rig, by die Direkteur van Besproeiing, Pretoria, navraag te doen betreffende die masjinerie wat die geskikste is vir gebruik in verband met so 'n boorgat.

Die toets deur die Departement van Besproeiing gedoen in verband met die hoeveelheid water wat uit genoemde boorgate gepomp kan word, was so betroubaar moontlik. Die Goewerment aanvaar egter geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade nie wat deur 'n huurder gely mag word indien dit by 'n nuwe of uitgebreide toets blyk dat die water in die boorgat minder is as in hierdie kennisgewing vermeld, of ingeval ander besonderhede aangaande die boorgat gegee, onjuis mag blyk.

Opmetings.

As dit miskien nodig word om die hoewe opnuut op te meet of 'n sertifikaat van gewysigde eiendomsbewys uit te neem weens foute in die bestaande opmeting, moet alle koste van so 'n opmeting of sertifikaat van gewysigde eiendomsbewys deur die huurder gedra word. Indien dit blyk dat die hoewe groter is as in hierdie kennisgewing vermeld, kom die voordeel daarvan aan die huurder toe sonder dat die koopprys van die hoewe verhoog word; blyk dit daarenteen dat die grond kleiner is as in hierdie kennisgewing vermeld, moet die huurder dit aanvaar sonder vermindering van die koopprys en in so 'n geval het hy geen eis ten opsigte daarvan teen die Goewerment nie.

Onderverdelings—

'n Spesiale bepaling van die huurkontrak is dat ingeval 'n hoewe aan twee of meer huurders toegeken word die Minister, na goeddunke, die huurders kan versoek om die hoewe op hul eie koste onder te verdeel op 'n wyse soos deur die huurders ooreengekom en deur die Minister goedgekeur, of as hulle in gebreke bly om binne 'n typerk van hoogstens drie maande sodanige ooreenkoms te tref, dan op 'n wyse wat die Minister vasstel. Sodanige ooreenkoms tussen die huurders of vasstelling van die Minister moet vermeld—

(1) die aandeel van die onderverdelingskoste wat elke huurder moet betaal, met inbegrip van die koste van opmeting;

(2) indien 'n voorskot verleen word, waarvan die bedrag nie by die koopprys gevoeg is nie, die aandeel wat elke huurder moet ontvang van enige vee, gereedskap of ander goedere en tot watter bedrag 'n huurder aanspreeklikheid moet aanvaar vir die aandeel wat hy ontvang het;

(3) wat die koopprys van elke onderverdeling is met behoorlike inagneming van alle verbeterings wat deur die Minister aangebring of deur middel van 'n voorskot deur die Minister moontlik gemaak is, en watter deel van die reeds betaalde paaiemente kapitaal is.

Die huurders moet binne drie maande na so 'n ooreenkoms gesluit of 'n vasstelling deur die Minister gemaak is, onderneem om op hul eie koste sodanige maatreëls te tref as wat nodig is om volgens Wet die regte in die huurkontrak, ingevolge bogenoemde ooreenkoms of vasstelling deur die Minister, behoorlik te sedeer.

ALGEMENE OPMERKINGS.

Uitreiking van Kroongrondbriewe.

Kroongrondbriewe van hoewes kan in spesiale gevalle met toestemming van die Goewerneur-generaal uitgereik word voor afloop van 'n termyn van tien (10) jaar na datum van toekenning.

As 'n huurder, nadat hy 'n hoewe vir vyf (5) jaar gehuur het, die Landraad kan oortuig dat die waarde van sy hoewe met permanente verbeterings van 'n deeglike aard een-vierde meer bedra as die totale bedrag wat hy aan die Goewerment skuld, is die Minister kragtens artikel *agt* van Wet No. 21 van 1922 bevoeg om 'n Kroongrondbrief uit te reik en vir die totale bedrag van die skuld wat oorbly, 'n verband aan te neem.

Die hoewes hierby geadverteer, is onderworpe aan die bepalings van artikel *nege* van Wet No. 45 van 1937, wat as volg lui:

„Na die inwerkingtreding van hierdie Wet mag geen grond wat 'n hoewe of 'n deel van 'n hoewe is, vervreemd, verpand, deur 'n ander serwituut as 'n serwituut van vruggebruik, van gebruik of van bewoning beswaar word, of verdeel word nie, sonder skriftelike toestemming van die Minister op aanbeveling van die landraad verleen op sodanige voorwaardes as wat die Minister wenslik ag om te stel . . ."

Omheinings—

Ingeval die Goewerment, ingevolge die Omheiningswet, No. 17 van 1912, of enige wysiging daarvan, moet bydra tot bestryding van die koste van die tussenheinings of enige gedeelte daarvan ten opsigte van die hoewes in hierdie kennisgewing geadverteer, of om aanspreeklikheid vir die betaling van sulke bydraes te aanvaar, voor die registrasie van die huurkontrak, moet die suksesvolle applikant by die toekenning van 'n hoewe aan hom, aanspreeklikheid vir die betaling van sulke bydraes aanvaar. Die bedrag van

applicant shall, on allotment being made to him, assume liability for the payment of such contribution. The amount of such contribution shall be paid by the allottee to the Government in cash, or at the option of the allottee it may be added to the valuation of the holding, in which case the rental payments and interest on the purchase price shall be increased accordingly. The successful applicants for any of the holdings on which the boundaries or part thereof are fenced shall accept liability under the Fencing Act, 1912, or any amendment thereof, for any amounts which may be claimed by adjoining owners in terms of the said Act.

Miscellaneous—

In the case of accidents to persons or cattle consequent on the existence of shafts, tunnels, and other conditions arising out of prospecting and mining operations undertaken prior to the date of the commencement of the lease, the lessee shall not be entitled to compensation from the Government or the prospector or claimholder.

All rights to minerals, mineral products, mineral oils, metals, and precious stones are reserved to the Crown unless otherwise stated in this notice.

The Department has made every effort to render as accurate as possible the information given in this notice, but does not hold itself responsible for any inaccuracies which may be contained in this notice.

The rent paid during the lease period of five years is not deducted from the purchase price in the event of the option to purchase being exercised.

Applicants are recommended personally to inspect the holdings before formally applying therefor. In considering applications for holdings, Land Boards decline, as a rule, to recommend allotments to applicants who have failed to inspect personally or to have had inspected on their behalf the holding applied for. No railway or transport concessions are given by the Government in connection with the inspection of holdings.

Occupation can be granted immediately upon allotment, unless other provision be made in the letter of allotment.

All applications must be submitted on the prescribed form, which can be obtained from the magistrates of the districts in which the farms are situate; the Secretary for Lands, Pretoria; the Provincial Representative, Department of Lands, Parliament Street, Capetown; and the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 316, Bloemfontein.

The Department has a staff dealing specially with applications and inquiries for land, and prospective settlers desirous of obtaining information with regard to land settlement are advised to apply for such information direct to the Department of Lands, Union Buildings, Pretoria.

sulke bydraes moet deur die persone aan wie die hoewe toegeken word, in kontant aan die Goewerment betaal word, of kan, as die persoon aan wie die hoewe toegeken word, sulks verkies, by die koopprys van die hoewe gevoeg word, en in so'n geval word die bedrag van die huur en rente op die koopprys dienooreenkomstig verhoog. Die suksesvolle applikante vir enigeen van die hoewes wat heeltemal of gedeeltelik omhein is, moet ooreenkomstig die Omheiningswet van 1912, of wysiging daarvan, aanspreeklikheid aanvaar vir enige bedrae wat deur die eienaars van aangrensende plase kragtens genoemde Wet gevorder mag word.

Algemeen.

Ingeval van ongelukke van persone of vee wat plaasvind as gevolg van die bestaan van skagte, tonnels en ander toestande veroorsaak deur prospekteer- en mynwerksaamhede onderneem voor die datum van aanvang van die huurkontrak, is die huurder nie geregtig tot vergoeding van die kant van die Goewerment of die prospekteerder of die kleimeienaar nie.

Die Goewerment behou alle regte op minerale, mineraalprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteentes tensy anders vermeld in hierdie kennisgewing.

Die departement het alle pogings aangewend om die informasie in hierdie kennisgewing vervat, so korrek moontlik op te gee, maar is nie aanspreeklik vir moontlike onjuisthede daarin nie

Die huur gedurende die huurtermyn van vyf jaar betaal, word nie van die koopprys afgetrek nie ingeval die opsie van aankoop uitgeoefen word.

Applikante word aangeraai om die hoewes persoonlik te inspekteer alvorens aansoek daarom te doen. Landrade is, by die oorweging van aansoeke om hoewes in die reël nie geneig om aan te beveel dat toekennings gemaak word aan applikante wat versuim het om die hoewes waarom hulle aansoek gedoen het, persoonlik te inspekteer of deur iemand anders namens hulle te laat inspekteer nie. Die Goewerment staan geen spoorweg- of ander vervoerkonsessies in verband met die inspeksie van hoewes toe nie.

Inbesitneming kan onmiddellik na toekenning geskied tensy in die brief van toekenning anders bepaal word.

Alle aansoeke moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat verkrygbaar is van die magistrate van die distrikte waarin die hoewes geleë is: die Sekretaris van Lande, Pretoria; die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Parlementstraat, Kaapstad; en die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 316, Bloemfontein.

Die departement het 'n personeel wat spesiaal aansoeke om en navrae betreffende grond behandel en aspirant-nedersetters wat inligting in verband met grondnedersetting verlang, word aangeraai om regstreeks met die Departement van Lande, Uniegebou, Pretoria, in verbinding te tree.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1819.] [17 November 1939.

APPOINTMENT OF COMMISSIONERS OF OATHS.

His Excellency the Governor-General has, in terms of section *six* of Act No. 16 of 1914, appointed the persons mentioned in the following Schedule to be Commissioners of Oaths for the period and area set opposite their names:—

SCHEDULE.

Name.		*Area.*
Nicolas Barend de Wet Badenhorst	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Johannesburg	Province of the Transvaal.
Hermanus Stephanus Johannes Bouwer	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Port Elizabeth	Province of the Cape.
Dirk Jacobus Coetzee	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Benoni	Province of the Transvaal.
Hendrik Andries du Toit	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Pretoria	Province of the Transvaal.
Johannes Zacharias Moolman Kriek	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Johannesburg	Province of the Transvaal.
Coenraad Christoffel Andries Labuschagne	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at East London	Province of the Cape.
Gert Adrean Lemmer	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Durban	Province of Natal.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1819.] [17 November 1939.

AANSTELLING VAN KOMMISSARISSE VAN EDE.

Kragtens artikel *ses* van Wet No. 16 van 1914, het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal die volgende persone aangestel as Kommissarisse van Ede vir die tydperk en gebied teenoor hul name vermeld:—:—

BYLAE.

Naam.		*Gebied.*
Nicolas Barend de Wet Badenhorst	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Johannesburg is	Provinsie Transvaal.
Hermanus Stephanus Johannes Bouwer	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Port Elizabeth is	Provinsie die Kaap.
Dirk Jacobus Coetzee	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Benoni is	Provinsie Transvaal.
Hendrik Andries du Toit	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Pretoria is	Provinsie Transvaal.
Johannes Zacharias Moolman Kriek	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Johannesburg is	Provinsie Transvaal.
Coenraad Christoffel Andries Labuschagne	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Oos-Londen is	Provinsie die Kaap.
Gert Adrean Lemmer	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Durban is	Provinsie Natal.

Name.		*Area.*
Johannes Andries le Roux	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Capetown	Province of the Cape.
Johannes Hendrikus Lodewyk Louw	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Durban	Province of Natal.
Louis Botha Murray	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Capetown	Province of the Cape.
Pieter Siebert Oelrich	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Durban	Province of Natal.
Bernardus Keyter Potgieter	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Kimberley	Province of the Cape.
Barend Jacobus Prinsloo	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Bloemfontein	Province of the Orange Free State.
Petrus Nicolaas Francois Roode	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Johannesburg	Province of the Transvaal.
Herbert Joseph Squires	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Pretoria	Province of the Transvaal.
Hermanus Steyn	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Johannesburg	Province of the Transvaal.
Andreas van der Merwe	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Port Elizabeth	Province of the Cape.
Burgert Adriaan Bartie	Whilst he is Welfare Officer in the Department of Social Welfare at Capetown	Province of the Cape.
Ludwig Wilhelm Hochfelden	Whilst he is Forester at the Fransch Hoek (La Motte) Forestry Settlement	District of Paarl.
Gysbert Henry Maasdorp	Whilst he is Forester at the Jonkershoek Forestry Settlement	District of Stellenbosch.
Marthinus Christoffel Gerber	Whilst he is Forester at the Jonkersberg Forestry Settlement	District of George.
Casper Zwemmer Squier	Whilst he is Forester at the Bergplaats Forestry Settlement	District of George.
Andries Matthys Kok	Whilst he is Forester at the Bergplaats Extension Forestry Settlement	District of George.
Hermann Moldenhauer	Whilst he is Forester at the Otterford Forestry Settlement	District of Humansdorp.
Alexander Stroebel	Whilst he is Forester at the Longmore Forestry Settlement	District of Port Elizabeth.
Ferdinand Julius Noffke	Whilst he is Forester at the Berlin Forestry Settlement	District of Nelspruit.
David Charles Prior	Whilst he is Forester at the Coetzeestroom Forestry Settlement	District of Nelspruit.
Ernest Lamorale Schoch	Whilst he is Forester at the Nels River Forestry Settlement	District of Nelspruit.
Alwyn Petrus Burger	Whilst he is Forester at the Witklip Forestry Settlement	District of Nelspruit.
Barend Hendrik Lodewyk Swanepoel	Whilst he is Forester at the Nelshoogte Forestry Settlement	District of Barberton.
Petrus Albertus Venter	Whilst he is Forester at the Blyde Forestry Settlement	District of Pilgrims Rest.
Johannes Daniel Smuts	Whilst he is Forester at the Weza Forestry Settlement	District of Alfred.
Dirk Cornelis Grobler	Whilst he is Forester at the Brooklands Forestry Settlement	District of Pilgrims Rest.
Marthinus Christoffel Lombard	Whilst he is Forester at the Ceylon Forestry Settlement	District of Pilgrims Rest.
Dirk Jacobus Pretorius	Whilst he is Forester at the Tweefontein Forestry Settlement	District of Pilgrims Rest.
Nicolaas Cornelis van Huyssteen	Whilst he is Forester at the Bergvliet Forestry Settlement	District of Pilgrims Rest.
Johannes Gerhardus Vermaak	Whilst he is Forester at the Spitskop Forestry Settlement	District of Pilgrims Rest.
Albert Harold Holgate	Whilst he is Compound Manager at the Modderfontein B. Gold Mines, Limited	District of Benoni.

Naam.		*Gebied.*
Johannes Andries le Roux	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Kaapstad is	Provinsie die Kaap.
Johannes Hendrikus Lodewyk Louw	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Durban is	Provinsie Natal.
Louis Botha Murray	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Kaapstad is	Provinsie die Kaap.
Pieter Siebert Oelrich	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Durban is	Provinsie Natal.
Bernardus Keyter Potgieter	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Kimberley is	Provinsie die Kaap.
Barend Jacobus Prinsloo	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Bloemfontein is	Provinsie Oranje-Vrystaat.
Petrus Nicolaas Francois Roode	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Johannesburg is	Provinsie Transvaal.
Herbert Joseph Squires	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Pretoria is	Provinsie Transvaal.
Hermanus Steyn	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Johannesburg is	Provinsie Transvaal.
Andreas van der Merwe	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Port Elizabeth is	Provinsie die Kaap.
Burgert Adriaan Bartie	Vir solank hy Welsynbeampte in die Departement van Volkswelsyn in Kaapstad is	Provinsie die Kaap.
Ludwig Wilhelm Hochfelden	Vir solank hy bosbouer op Fransch Hoek (La Motte)-Bosbounedersetting is	Distrik Paarl.
Gysbert Henry Maasdorp	Vir solank hy bosbouer op die Jonkershoek Bosbounedersetting is	Distrik Stellenbosch.
Marthinus Christoffel Gerber	Vir solank hy bosbouer op die Jonkersberg-Bosbounedersetting is	Distrik George.
Casper Zwemmer Squier	Vir solank hy bosbouer op die Bergplaats-Bosbounedersetting is	Distrik George.
Andries Matthys Kok	Vir solank hy bosbouer op die Bergplaats-Uitbreiding-Bosbounedersetting is	Distrik George.
Hermann Moldenhauer	Vir solank hy bosbouer op die Otterford-Bosbounedersetting is	Distrik Humansdorp.
Alexander Stroebel	Vir solank hy bosbouer op die Longmore-Bosbounedersetting is	Distrik Port Elizabeth.
Ferdinand Julius Noffke	Vir solank hy bosbouer op die Berlin-Bosbounedersetting is	Distrik Nelspruit
David Charles Prior	Vir solank hy bosbouer op die Coetzeestroom-Bosbounedersetting is	Distrik Nelspruit.
Ernest Lamorale Schoch	Vir solank hy bosbouer op die Nelsrivier-Bosbounedersetting is	Distrik Nelspruit.
Alwyn Petrus Burger	Vir solank hy bosbouer op die Witklip-Bosbounedersetting is	Distrik Nelspruit.
Barend Hendrik Lodewyk Swanepoel	Vir solank hy bosbouer op die Nelshoogte-Bosbounedersetting is	Distrik Barberton.
Petrus Albertus Venter	Vir solank hy bosbouer op die Blyde-Bosbounedersetting is	Distrik Pelgrimsrust.
Johannes Daniel Smuts	Vir solank hy bosbouer op die Weza-Bosbounedersetting is	Distrik Alfred.
Dirk Cornelis Grobler	Vir solank hy bosbouer op die Brooklands-Bosbounedersetting is	Distrik Pelgrimsrust.
Marthinus Christoffel Lombard	Vir solank hy bosbouer op die Ceylon-Bosbounedersetting is	Distrik Pelgrimsrust.
Dirk Jacobus Pretorius	Vir solank hy bosbouer op die Tweefontein-Bosbounedersetting is	Distrik Pelgrimsrust.
Nicolaas Cornelis van Huyssteen	Vir solank hy bosbouer op die Bergvliet-Bosbounedersetting is	Distrik Pelgrimsrust.
Johannes Gerhardus Vermaak	Vir solank hy bosbouer op die Spitskop-Bosbounedersetting is	Distrik Pelgrimsrust.
Albert Harold Holgate	Vir solank hy Kampongbestuurder van die „Modderfontein B. Gold Mines Limited" is	Distrik Benoni.

✻ No. 1820.] [17 November 1939.

REGULATIONS FOR THE CONTROL OF THE MANUFACTURE OF YEAST.

His Excellency the Governor-General has been pleased, by virtue of the powers vested in him by section *one hundred and twenty-three* of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), as amended by section *one hundred and eleven* of Act No. 46 of 1935, to make the following regulations for the control of the manufacture of yeast with effect from the date of publication hereof, and to cancel the Regulations published in Government Notice No. 1489 of 11th October, 1935.

ANNEXURE.

1. (1) No person shall manufacture upon any premises yeast of any description for sale, unless he has previously obtained from the Commissioner a licence under these regulations to manufacture yeast upon those premises.

(2) Such licence shall not be granted to any person who is not a European.

(3) No fee shall be payable for such licence.

2. An application for a licence shall be made on the form as prescribed in Schedule 1 hereto, and shall set forth the particulars as shown therein, and such further information and particulars as the Commissioner or any officer authorised by him may reasonably require in order to give effect to these regulations. Knowingly to give false information in such form, or to the Commissioner or such authorised officer, shall be an offence.

3. (1) The applicant for a licence shall furnish plans of the premises, where yeast is to be manufactured under the licence, and of the position of the various vessels and appliances therein.

(2) No licence shall be granted for the manufacture of yeast upon any premises until the proper officer has given a written certificate that those premises, and the vessels and appliances therein, are erected in accordance with the plans, and in a satisfactory manner.

4. (1) The Commissioner may refuse to issue a licence to an applicant on any of the following grounds:—

(*a*) if the applicant has been convicted of any offence under the Liquor Act, No. 30 of 1928, or any amendment thereof, or under any regulation made under that Act or any amendment thereof, or under any law or regulation relating to the control, sale, manufacture, or handling of intoxicating liquor; or if the applicant is otherwise not a fit and proper person to manufacture yeast in the Union of South Africa. Provided that if the applicant for a licence is an incorporated company, the Commissioner shall be entitled to refuse the application if any shareholder or director of such company is not a European, or if any person who has or will have powers of control, management, or direction in relation to the company has been convicted of any such offence or is otherwise not a fit and proper person in terms of this sub-section;

(*b*) if the premises of the proposed manufactory are situated within a distance of half a mile of the boundary of any native location, compound, or other native residential centre, and are by reason of such proximity unsuitable for the manufacture of yeast and calculated to facilitate dealings in illicit liquor; or if the premises are otherwise unsuitable in respect of locality in that their situation is calculated to facilitate dealings in illicit liquor;

(*c*) if the quantity of yeast manufactured in the Union of South Africa, and South West Africa is greater than is required for lawful purposes of consumers in the Union of South Africa and South West Africa and to satisfy any existing or likely demand for export to consumers outside the Union of South Africa and South West Africa.

(2) (*a*) Any person bona fide desiring to apply for a licence to manufacture yeast shall be entitled to all information available to the Commissioner as to the total quantity of yeast being manufactured in the Union of South Africa and South West Africa and relating to the maximum requirements for lawful local consumption and for export.

(*b*) Such person shall further be entitled to obtain the ruling of the Commissioner as to the suitability, as regards locality, in terms of these regulations, of any proposed premises for the manufacture of yeast. If the ruling of the Commissioner is favourable, he shall not be entitled to refuse an application by such person for a licence to manufacture yeast in such premises on the ground that the locality is unsuitable, if the application is duly made within six months of such ruling, unless during that period a native location, compound or other native residential centre is established having a boundary within half a mile of such premises.

Provided that any person who bona fide requires information in terms of sub-section 2 (*a*) of Section 4, or seeks a ruling in terms of sub-section 2 (*b*) of Section 4 on behalf of a company or partnership to be formed, shall be deemed to be a person entitled to information or to a ruling in terms of such sub-sections.

✻ No. 1820.] [15 November 1939.

REGULASIES VIR DIE BEHEER OOR DIE VERVAARDIGING VAN GIS.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-genraal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *honderd drie-en-twintig* van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928) soos gewysig deur artikel *honderd en elf* van Wet No. 46 van 1935, die volgende regulasies vir die beheer oor die vervaardiging van gis te maak, vanaf die datum van publikasie hiervan van krag sal wees, en om die regulsies in Goewermentskennisgewing No. 1489 van 11 Oktober 1935 gepubliseer te herroep.

AANHANGSEL.

1. (1) Niemand mag op enige perseel enige soort gis vir verkoop vervaardig nie tensy hy vooraf van die Kommissaris 'n lisensie ingevolge hierdie regulasies verkry het om op sodanige perseel gis te vervaardig nie.

(2) So 'n lisensie sal aan niemand wat nie blanke is, toegestaan word nie.

(3) Geen gelde is vir sodanige lisensie betaalbaar nie.

2. 'n Aansoek om 'n lisensie moet op die vorm in Bylae 1 hiervan voorgeskryf aangevra word, met uiteensetting van die besonderhede daarin aangetoon en sodanige verder informasie en besonderhede as wat die Kommissaris of enige beampte deur hom gemagtig redelikerwyse mag verlang ten einde hierdie regulasies uit te voer. Om in sodanige vorm, of aan die Kommissaris of sodanige gemagtigde beampte willens en wetens valse inligting te verskaf, is 'n oortreding.

3. (1) Die applikant om 'n lisensie moet 'n plan inhandig van die perseel waar gis ingevolge die lisensie vervaardig gaan word, en van die staanplek van die verskillende vate en toestelle daarop.

(2) Geen lisensie sal vir die vervaardiging van gis op enige perseel toegestaan word voordat die bevoegde beampte 'n skriftelike sertifikaat gegee het dat daardie perseel sowel as die vate en toestelle daarop, volgens die plan en op 'n bevredigende wyse opgerig is nie.

4. (1) Die Kommissaris kan weier om 'n lisensie uit te reik weens enigeen van die volgende redes:—

(*a*) as die applikant skuldig bevind is aan enige oortreding ingevolge die Drankwet, No. 30 van 1928, of enige wysiging daarvan, of ingevolge enige regulasie kragtens daardie Wet of enige wysiging daarvan opgestel, of ingevolge enige wet of regulasie wat betrekking het op die beheer, verkoop, vervaardiging of hanteer van sterk drank; of indien die applikant andersins nie 'n geskikte persoon is om gis binne die Unie van Suid-Afrika te vervaardig nie. Met dien verstande dat indien die applikant om 'n lisensie 'n geïnkorporeerde maatskappy is, die Kommissaris geregtig is om die aansoek te weier indien enige aandeelhouer of direkteur van sodanige maatskappy geen blanke is nie, of indien enige persoon wat die bevoegdheid van beheer, bestuur of leiding het aan sodanige oortreding skuldig bevind is of andersins nie 'n geskikte persoon ooreenkomstig hierdie subartikel is nie;

